

Bespreking/Discussion

Ia van Zyl

Heilna du Plooy het “ernstige probleme” met my gids by die werk van Anna M. Louw, *Iets van 'n Uilskuiken* (voortaan slegs aangedui as *Uilskuiken*), soos blyk uit haar resensie van die boek. Sy haal voorbeelde aan om haar stelling dat die teoretiese begronding van die boek vir haar ernstig onder verdenking staan, te staaf. Hierdie voorbeelde staan egter op erg wankelrige teoretiese pote. Sy meen byvoorbeeld (p. 86) dat ek nie “baie duidelikheid het oor die verskil tussen die analise van die struktuur van 'n teks en 'n strukturalistiese analise van 'n teks nie”. Hierdie mening grond sy op haar bewering dat ek die term *teken* op 'n “ongewone” manier gebruik as ek praat van “afsonderlike struktuurelemente en hul funksies as *tekens* ten opsigte van die aard en intensie van die *geïmpliseerde skrywer*”. Volgens haar dui die semiotiese opvatting van die teken op iets heel anders as “'n besondere tekselement”. My verwysing na die “ikoniese gebruik” van die woord *duiwel* (*Uilskuiken*, p. 76) bevraagteken sy ook. Sy meen 'n teken is (slegs) iets wat staan in die plek van iets anders, en 'n ikoniese teken lyk soos die ding waarvoor dit staan, byvoorbeeld 'n foto of 'n beeld.

Eerstens, ek het nooit *tekselement* sonder meer gelykgestel aan *teken* soos Du Plooy volgens die uitspraak hierbo impliseer nie. *Die manier waarop tekselemente funksioneer* en nie die tekselemente as sodanig nie, word gesien as tekens wat dui op 'n bepaalde dekodering. Om te sê dat 'n teken “enigiets is wat staan in die plek van iets anders” (p. 86) is om te bly vassteek op die eerste betekenisvlak van dié begrip. Hawkes (1977: 124–142) verduidelik die gevorderde semiotiese tekenbegrip. Benewens die bloot denotatiewe is daar die tweede vlak, die konnotatiewe (die een waarmee ek my in my boek besighou).

Hawkes (1977: 130–131) haal ook Roland Barthes aan: “(T)he *signifiers* of connotation are made up of the *signs* (...) of the denoted system, and this makes connotation, and so literature at large, one of the numbers of ‘second-order signifying systems’ which we characteristically superimpose upon the ‘first-order’ system of language.” Van Zoest (in Grivel (red.) 1978: 107) sê kort en klaar: “Alles kan tot teken worden verklaard.”

Wat die begrip *ikoniese teken* betref, bly Du Plooy eweneens by die rudimentêre betekenis vassteek. Van Zoest (in Grivel (red.) 1978: 107) verwys na die herhalende terugkeer van bepaalde motiewe in Gerhard Reve se roman *De avonden* as metafories ikonies vir die verstikkende siklisiteit van die sentrale personase se bestaan. In *Kroniek van Perdepoort* is die herhaalde gebruik van die woord “duiwel”, selfs wanneer nie na die duiwel verwys word nie (soos in die woord “afgeduiwel ens.”) metafories ikonies vir die alomteenwoordigheid van die Bose in die roman (vergelyk *Uilskuiken*, pp. 76–77).

Die begrip *ikoniese teken* is dus baie meer ingewikkeld as die betekenis wat Du Plooy daaraan toeken wanneer sy sê dit is “'n teken wat lyk soos die ding

waarvoor dit staan, byvoorbeeld 'n foto of 'n beeld" (p. 86). Dit is die rudimentêre verklaring van die begrip ten opsigte van nie-linguistiese semiotiese sisteme en dit hou nie rekening met die funksionering daarvan in literêre tekste nie.

Du Plooy meen verder dat my *abstrakte* en *verhaalisotopie* albei abstrakte betekenisse aandui, (pp. 68–69). *Verhaalisotopie* verwys egter na dinge wat konkreet, dit wil sê sigbaar, in die teks voorkom (al is dit ook gedagtes of ander abstrakte begrippe), terwyl *abstrakte isotopie* verwys na afleidings deur die leser.

Du Plooy se probleem met my dekodering van *Kroniek van Perdepoort* berus op 'n bloot foutiewe lesing. Sy sê daar word in my bespreking geen melding gemaak van genade nie en voeg by dat die basiese opposisie in die roman beskryf word "as dié tussen wet en wetteloosheid" (p. 87). Wanneer ek my bespreking van die isotopieë in *Kroniek* begin, sê ek: "Die twee opposisionele verhaalisotopieë" (dus die belangrikste verhaalisotopieë, wat ek derhalwe eerste noem en dienoooreenkomstig nommer – I.v.Z.) "is *sonde* (V1₁) en *berou, twyfel en goeie voornemens* (V1₂). Die twee word gesien as onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Eers aan die einde van my bespreking kom die opposisie waarby Du Plooy as die "basiese opposisie" verwys ter sprake: "Verwysings na die *wet* (met as negatiewe pool *wetteloosheid*) vorm V1₆" (dus slegs die sesde en laaste verhaalisotopie – I.v.Z.) "waarin die wetteloosheid van Koos Nek se afstammeling kontrasteer met sy bekentenis *dat God in sy lewe eindelik self die leisels gevat het*" (*Uilskuiken*, p. 78). (My kursivering hier dui ook op die aanwesigheid van genade in die lewe van Koos Nek.)

Verwysings

- Grivel, Charles (red.)
 1978 *Methoden in de literatuurwetenschap*. Muiderberg: Coutinho.
 Hawkes, Terence
 1982 *Structuralism and Semiotics*. London: Methuen.
 Van Zoest, A.J.A.
 1978 Peirciaanse semiotiek. In: Grivel, Charles (red.): 102–114.